OBARO GROEP / GROUP
Van Veldenstraat 45 / 45 Van Velden Street, Brits
Posbus / PO Box 2963, Brits, 0250, Suid-Afrika / South Africa
Tel: +27 (0) 12 381 2800 E-pos / Email: info@obaro.co.za / www.obaro.co.za
In lyn met die boer / Aligned with the farmer

MEDIAVERKLARING
7 November 2018

Protek – Obaro se verskaffer van die Jaar 2018

Protek is vanjaar weereens as Obaro se Verskaffer van die Jaar aangewys! Obaro het onlangs hul top-verskaffers tydens die jaarlikse Verskaffer van die Jaar funksie bedank vir hul bydrae om Obaro se droom (om die boer se besigheid op elke plaas te wees) te verwesenlik. Obaro se Verskaffer-van-die-Jaar-funksie dien as erkenning vir die rol wat verskaffers in Obaro se uiteindelike sukses speel.

Sewe van Obaro se verskaffers is as finaliste benoem, om ten einde mee te ding as Obaro se Verskaffer van die Jaar. Die finaliste is vanuit verskillende kategorieë aangewys, wat ondermeer besproeiing, meganisasie, hardeware, buitelewe, landbou- en tuinbouchemikalieë, saad en brandstof insluit. Die finaliste was Titan Products, Petrow Agri, Willard Batterye, Bafana Petroleum, RAP Technologies, Voermol en Protek.

Algemene dienslewering, verkope en produkgehalte het as kriteria gedien en ’n persentasiepunt is aan elke verskaffer toegeken. Titan Products het die derde plek behaal, met Bafana Petroleum in die tweede plek. Protek is vir die derde agtereenvolgende jaar as Obaro se Verskaffer van die Jaar aangewys.

David Claassen (Jonsson), Jan Enslin (Northmec), Willie Coetzer (Engen), Norman Lundy (Bafana Petroleum), Riaan Grobler (Avidan), Tobie van den Heever (Irrigation Unlimited), Hein Meyer (Bayer) en Leon Fourie (Koedoeskop Kunsmis) is tydens die geleentheid met Spesiale Toekennings vir uitnemende diens vereer.

Obaro se 27ste handelswinkel wat eersdaags in Tijgervallei in Pretoria-Oos oopmaak, opgraderings aan die Marble Hall winkel en uitbreiding van die Claas agentskap is slegs enkele van die hoogtepunte wat Obaro vanjaar vier. “Sonder ons uitstekende verskaffers sou hierdie hoogtepunte nie moontlik gewees het nie. Vandag vier ons die jaar wat was en die jaar wat gaan wees. Ons sien uit na die wat die volgende jaar inhou!” het Nic Bronkhorst (Besturende Direkteur van Obaro) gesê.

Nic het verder verskaffers bedank vir die toewyding waarmee hulle elke dag ‘n invloed op Landbou het. Nic het ook samewerking tussen alle rolspelers in Landbou benadruk. “Dit is slegs deur samewerking wat ons verandering in Landbou teweeg kan bring. Dis ons verantwoordelikheid om betrokke te raak by ons gemeenskappe en ‘n positiewe invloed op ons plaaslike omgewings te hê. Daar is ‘n blink toekoms vir Landbou en dis vir ons ‘n eer om deel te wees van hierdie dinamiese sektor.”

Direkteure / Directors: NJ Bronkhorst (Besturende Direkteur / Managing Director); TF de Lange; FJJ du Rand; WM Knoetze

FOTO’S & BYSKRIF:

Obaro en Protek personeel tydens die Obaro Verskaffer van die Jaar funksie. Protek is vir die derde agtereenvolgende jaar as Obaro se Verskaffer van die Jaar aangewys.

NAVRAE:

Leana Lucouw

Bemarkingskommunikasie Bestuurder: Obaro

leanal@obaro.co.za

012 381 2886

Direkteure / Directors: NJ Bronkhorst (Besturende Direkteur / Managing Director); TF de Lange; FJJ du Rand; WM Knoetze

Direkteure / Directors: NJ Bronkhorst (Besturende Direkteur / Managing Director); TF de Lange; FJJ du Rand; WM Knoetze